# KINDERWERKKAART
# 1 Sameul1 – 1 Sameul 2:11

**Ouers moet kinders onderrig en lei tot selfstandige gelowiges**

**(Die Doop belofte)**






# OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur **1 Sameul 1 tot by 1 Sameul 2 vers 11** saam met jou kind(ers) in hierdie week.
- As voorbereiding vir die week lees ook Artikel 34 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en dink na oor jou eie doopbelofte wat dit beteken vir jou as ouer en vir jou kind.
- Verduidelik vir jou kind wat jy anders doen as mense wat nie gelowiges is nie en hoekom dit so belangrik is.
- Verduidelik vir jou kind dat jy as ouer deur die Here aangestel is as jou kind se geestelike begeleier op pad na geloof en die ewige lewe.
- Verduidelik vir jou kind dat gelowiges opofferinge maak en nie alles na doen wat mense doen wat nie glo nie.
- Verduidelik vir jou kind hoekom die doop hom\haar anders gemaak het as ongelowige mense en verduidelik die verskille
- Verduidelik vir jou kind dat die doop die teken is dat ons aan Jesus behoort en dat ons sondes afgewas word wanneer ons gedoop word.
- Verduidelik vir jou kind dat net Jesus ons kan red en dat dit die enigste pad is na die ewige lewe.
- Ons werk as gelowiges, is ook om die boodskap van Hoop te deel aan die wêreld en dat ons nie die goeie boodskap net vir onsself mag hou nie, maar aan almal moet verkondig.
- Verduidelik vir jou kind dat as jy as ouer nie jou plig met die doopbelofte nakom nie, jy as ouer eendag sal moet verantwoordeing doen voor die groot regter.

- **Sing saam : PS 34( Leer jou kind die lid en verduidelik wat dit beteken)**

Laat Heer U seën oor hul daal

U guns uit Sion Hul bestraal

U wat beveel en dit geskied

Wil Heer U seën oor hul gebied

# **Werkkaart vir al die kinders.**

## (Moenie die ‘n vraag en antwoord sessie maak nie. Gesels met jou kind oor die doop en alles wat daarmee saamgaan)

Vetel vir jou kind van die groot geleentheid wat sy of haar die doop was.

Wie was almal daar, hoe het dit gewerk.

Wie was die Predikant wat die doop bedien het, hoekom is dit so ‘n groot geleentheid waar ons foto’s neem en wat ons onthou en hoekom jou kind en jy ‘n doop sertifikaat het

Wys vir jou kind jou en jou kind se doop sertifikaat en foto’s.

Laat jou kind ook (indien moontlik) met Ouma en Oupa of ander familie gesels oor die doop en hoekom jou kind se doop vir hulle so belangrik is. Laat die familie ook foto’s van hul eie doop vir julle kind wys.

Wanneer daar ‘n doop in die diens plaasvind, verduidelik vir jou kind wat gebeur en hoe dit gaan gebeur en hoekom dit so gebeur. Staan saam met jou kind nader en kyk mooi hoe alles werk, kinders is nuuskierig - verduidelik vir hulle, of vra die Predikant dat Hy die kinders uitnooi om nader te staan en te kom kyk.

Skryf die name neer van almal in jou familie en vriende waaraan jy kan dink. Vind uit wie almal gedoop is en deel dan met hulle hoekom die doop belangriks is vir jou en wat die doop vir jou beteken.

| **Naam** | **Gedoop Ja of Nee** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |